# KRUISGENOOT

9 Februarie 2025

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM



# Kontak

071 436 0102
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org

# *Bid vir mekaar*

## Siek of in die Hospitaal

Freddie Alberts
Bessie & Hansie Ströh
Annatjie Smuts
Marie Nel
Pieter Sevenhuysen
Jac van der Bergh
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Bronwynne Joubert
Marcel Derks
Fancis Jackson

# LEKKER VERJAAR

9 Februarie - Jaap Botha
9 Februarie - Hennie Coetzee
10 Februarie - Jan Teessen
10 Februarie - Jac Van Den Berg (83)
12 Februarie - Angelique D Allesandro
12 Februarie - Hansie Ströh (84)
13 Februarie - Tjaard Bernard
13 Februarie - Yolandi Potgieter
13 Februarie - Petro Van Biljon
15 Februarie - Milaan Pieterse
15 Februarie - Elsabè Vosloo

# bid



**Mali:**
Bid vir ons First Bible in Malinké-projek wat meer as 450 000 mense sal bereik. Die meeste van hierdie bevolking is nog nooit aan die Evangelie blootgestel nie. Bid asseblief vir die projek se finansiering en die gesondheid en welstand van die vertalers.

**Guinee:**
Ons Faith Comes By Hearing-projek het ten doel om mense te bemagtig om na die Woord van God te luister. Hierdie projek sal Guinese Christene in staat stel om na die Nuwe Testament in oudioformaat te luister om in hulle geloof te groei. Bid vir die sukses van hierdie projek.

# Nederduitse Gereformeerde Kerk

Nederduitse Gereformeerde Kerk
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

Daar word algemeen in die Nederduitse Gereformeerde Kerk aanvaar dat die kerk sedert die volksplanting van Jan van Riebeeck op 6 April 1652 bestaan. Die eerste kerkdienste is deur die sieketrooster, Willem Wijlant, waargeneem. Die dienste is eers in 'n huis en later in die Fort gehou en besoekende predikante het die amptelike Sakrament bediening soos die Doop en die Nagmaal waargeneem. Hierdie reëling het ongeveer 13 jaar gegeld, totdat ds. Johan van Arckel op 18 Augustus 1665 hier voet aan wal gesit het as die eerste permanente predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Stellenbosch se tweede kerk, wat in 1862 en '63 vergroot is tot die huidige gebou

Sy aankoms word beskou as die amptelike totstandkoming van die oudste Nederduitse Gereformeerde gemeente in Suid-Afrika. Hy het die gemeentelike werksaamhede georganiseer, doop- en lidmaatregisters ingestel, 'n kerkraad laat kies en notules van kerkvergaderings gehou. Die lidmaattal van die Kaapse nedersetting het so toegeneem dat nog gemeentes mettertyd gestig is. Die tweede gemeente het in 1686 op Stellenbosch tot stand gekom. Die sieketrooster, Sybrand Mankadan, het die dienste en ander gemeentelike pligte waargeneem.

Die gereformeerde karakter van die kerk in die Kaap is verder versterk deur die koms van die Franse Hugenote in 1688. Hierna het die gemeentes Paarl (1691), Roodezand (Tulbagh, 1743) en Swartland (Malmesbury, 1745) tot stand gekom. Hierdie 5 gemeentes het in 1745 op 'n voorstel van die kerkraad van Stellenbosch 'n gekombineerde vergadering gehou. Dit is egter deur die kerkbestuur van Amsterdam verbied omdat die gemeentes nog onder hulle gesag was. Die Kerk het verder gebuk gegaan onder inmenging deur die staat.

Hierdie houding sou egter later verander en die Kerk kon toe sy eie sake begin reël. Ander gemeentes wat in die 18e eeu gestig is, was Graaff-Reinet (in 1792) en Swellendam (in 1798). Die politieke toestande van daardie tyd het die geestelike lewe in die gemeentes baie nadelig geraak. Wat die kerkorganisasie betref, was dit aanvanklik gegrond op die Hollandse patroon. Twee eredienste is gewoonlik op Sondae gehou, met 'n biduur gedurende die week.

Die Heidelbergse Kategismus was 'n belangrike leerboek vir godsdienstige onderrig op skool en in die kategese. Nadat De Mist in 1804 'n nuwe Kerkorde daargestel het, waarin beloftes vir groter kerklike vryheid en selfstandigheid vervat was, is die eerste selfstandige sinode van die Kaap in 1824 gehou. Tydens hierdie sinodesitting is daar besluit om 'n Teologiese Kweekskool op Stellenbosch te stig, wat wel op 1 November 1858 tot stand gekom het. Die regering het egter steeds seggenskap gehad in die besluitneming van die sinode aangesien alle besluite eers vir goedkeuring aan die goewerneur voorgelê moes word. Die sinodesitting van 1862 het 'n groot opskudding veroorsaak toe ingevolge 'n Hooggeregshofbevel bepaal is dat predikante en ouderlinge noord van die Oranjerivier nie na die sinode kon terugkeer nie. Deur middel van die Groot Trek is die godsdiens, wat 'n belangrike plek ingeneem het, saam na die binneland ingedra.

1 Maart 2025 08:00 – 14:00
NGK Rustenburg-Suid

R150 pp
MIDDAGETE VOORSIEN

# DEEL JOU GELOOF OPLEIDING

Die EVANGELIE op jou hand
Maklik om te onthou – Moeilik om te vergeet

Kontak: Driaan Britz – 083 232 4706

KINDER EVANGELISASIE OPLEIDING
volwasse leiers en kategete

# Hoop vir Kinders

**28 Februarie - 2 Maart 2025**
NGK Rustenburg-Suid
Vrydag: 17:00-21:00. Saterdag: 08:00-17:00. Sondag 10:30-17:00
ETES INGESLUIT
**R300 pp**
"Sy laaste opdrag, ons eerste!"

Kontak: Driaan 083 232 4706

Jeugbyeenkoms tydens erediens









**Heerlike tuisgebakte beskuit saam koffie na kerk!**

Dames-Toilette OpknappingsFONDS



